

Rapporteerbaar:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (Noord-Kaapse Afdeling)

Saak No: 1332/2007
Saak Aangehoor: 10/09/2008
Datum gelewer: 10/10/2008

In die saak tussen:

Ross Kirby Henderson
Freddie Velelo Witbooi
Utemeleng Jack Moroka

1ste Applikant
2de Applikant
3de Applikant

en

Die Streeklanddrost: Noord-Kaap
Die Direkteur van Openbare vervolging:
Noord-Kaap

1ste Respondent
2de Respondent

Coram: Majiedt R et Olivier R

UITSpraak

Olivier R:

- Die applikante doen aansoek om verlof tot appèl na die Hoogste Hof van Appèl teen die uitspraak van hierdie Hof op 1 Augustus 2008, en die afwysing van hulle aansoek om die hersiening en tersydestelling van hulle skuldigbevindings. Die

aansoek om verlof tot appèl word deur die eerste respondent teengestaan.

2. Daar was ook 'n interlokutore aansoek om:

2.1. die wysiging van die aansoek om verlof tot appèl en van die kennisgewing van toetrede van die applikante se nuwe prokureurs, om die eerste applikant se tweede naam te weerspieël as "*Kirby*" en die tweede applikant se van as "*Witbooi*"; en

2.2. die invoeging van die woorde "*een of meer van*" tussen die woord en frases "*in die lig van*" en "*die verskeie onreëlmatighede*" in paragraaf 3.2 van die aansoek om verlof tot appèl.

3. Die interlokutore aansoek is nie teengestaan nie en die betrokke wysigings is toegestaan.

4. Vir soverre die aansoek om verlof tot appèl gronde bevat wat slaan op submissies en argumente wat reeds deurtrap is in argument by die aanhoor van die aansoek om hersiening en in die uitspraak, is ek nie van voorneme om te herhaal wat reeds in die uitspraak gesê is nie.

5. Mnr Bredenkamp SC het by die aanhoor van hierdie aansoek sy argument namens die applikante beperk tot slegs die volgende gronde:

5.1. Die inligting wat mnr White aan die eerste applikant sou openbaar het ten aanhore van mnr Chase.

5.2.Die beweerde geleentheid toe die eerste respondent, die aanklaer en die ondersoekbeampte saam teenwoordig sou gewees en verkeer het in die beheeraanklaer se kantoor.

5.3.Die bewering dat die Staat/Vervolging nagelaat het om inligting wat deel gevorm het van die sogenaamde Mmabatho-dossier aan die applikante se regsverteenwoordigers te openbaar.

5.4.Die bewering dat die besonderhede van die eerste applikant se vorige veroordelings aan die eerste respondent openbaar is toe hy destyds, voor die aanvang van die strafverhoor, die eerste applikant se borgaansoek aangehoor het.

6. Sonder om enigsins te herhaal wat ook reeds in hierdie verband vervat is in die uitspraak op hersiening sal tog kortliks met die laasgemelde aspekte gehandel word.
7. Mnr Bredenkamp het die verklaring van mnr White, waarna verwys is in paragraaf 22.3 van die uitspraak op hersiening, gekritiseer. Daardie verklaring was wel baie bondig en die relevante gedeelte daarvan het soos volg gelui:
*"Die beweringe soos verwat (**sic**) in R Henderson en GLEN CHASE se verklaring (**sic**) is vals en van alle waarheid ontbloot."*
8. Mnr Bredenkamp het aan die hand gedoen dat mnr White die spesifieke verklarings van die eerste applikant en mnr Chase (waarvan mnr White die inhoud ontken het) moes

geïdentifiseer het, asook die bepaalde beweringe daarin waarvan hy verskil het.

9. Mnr Bredenkamp het ook verwys daarna dat daar meerdere datums voorkom op die betrokke verklaring en het aan die hand gedoen dat dit verwarring skep in verband met wanneer die verklaring beëdig is en dat dit gevolglik nie 'n behoorlik beëdigde verklaring is nie.
10. Nie een van hierdie punte van kritiek was gronde wat deur die applikante aangevoer is vir die hersiening en tersydestelling van hulle skuldigbevindings nie. Daar is nooit in die applikante se funderende stukke aangevoer dat die eerste respondent op hierdie gronde verkeerdelik die inhoud van die betrokke verklaring as getuienis toegelaat het nie (Die verklaring, bewysstuk "QQ", is tydens die betrokke aansoek om rekusering voor die eerste respondent geplaas).
11. Dit is geykte reg dat 'n applikant sy of haar saak in fundering moet uitmaak en dat beëdigde verklarings in aansoekverrigtinge die beweringe moet bevat waarop gesteun word, soos in die geval van 'n pleitstuk, maar dan ook nog daarby die getuienis waarop gesteun word om sodanige beweringe te bewys.
12. Ten spyte daarvan dat die eerste respondent boonop in sy antwoordende beëdigde verklaring pertinent verwys het na die verklaring van mnr White en daarop gesteun het, het die applikante verkies om nie te repliseer nie en is dus ook nooit op daardie stadium die geleentheid benut om met mnr White se verklaring te handel nie.

13. Selfs al sou daar egter ook nou gelet word op mnr Bredenkamp se kritiek, en selfs al sou ook aanvaar word dat daar meriete in is, sou dit nog nie die saak vir die applikante verder neem nie.
14. Die rede hiervoor is eenvoudig dat die applikante se saak in hierdie verband in totaal berus het op hoorsê-getuienis. Geen basis hoegenaamd is in die getuienis gelê vir waarom daar nie van die kant van die applikante van mnr White 'n eedsverklaring verkry kon word om te bevestig dat hy wel gehoor het hoe die eerste respondent die uitlatings maak en dat hy wel vir die eerste applikant daarvan vertel het nie.
15. Indien vervalste, onjuiste of nie-verbandhoudende verklarings van die eerste applikant en mnr Chase aan mnr White voorgelê is voordat hy sy kriptiese verklaring afgelê het, soos mnr Bredenkamp op 'n stadium bespiegel het, en mnr White gevolglik nooit bedoel het om die inhoud van hulle ware verklarings te ontken nie, sou mnr White mos geen probleem gehad het om die eerste applikant te voorsien van 'n beëdigde verklaring ter bevestiging van die inhoud van die ware verklarings van die eerste applikant en mnr Chase wat voor die eerste respondent gedien het en waarin hulle gehandel het met wat mnr White ten aanhore van mnr Chase aan die eerste applikant sou gesê het van die eerste respondent nie.
16. Op die eerste applikant se eie weergawe was mnr White 'n vertroueling van hom. Op sy eie weergawe het mnr White hom aan huis besoek en het hulle twee ooreengekom dat hy vir mnr White sou help met die bedrog beweringe teen hom, as mnr White hom van die beweerde sielkundige verslag sou voorsien.

17. Die applikante het dus geen toelaatbare getuienis ten aansien van hierdie beweringe voor die eerste respondent geplaas nie. Geen feitegeskil kon dus in werklikheid ontstaan het vir soverre dit hierdie aspek betref nie en die applikante kon nie die eerste respondent verkwalik daarvoor dat hy onder die omstandighede nie die aangeleentheid na getuienis verwys het ten aansien van hierdie beweringe nie.

18. Wat betref die beweerde gelyktydige teenwoordigheid van die eerste respondent, die aanklaer en die ondersoekbeampte in die beheeraanklaer se kantoor, het mnr Bredenkamp basies drie submissies gemaak, naamlik:
 - 18.1.dat die eerste respondent verkeerdelik geweier het om daardie geskilpunt na getuienis te verwys;

 - 18.2.dat die inhoud van die twee verklarings van kaptein Dare hieroor botsend was; en

 - 18.3.dat hierdie Hof verkeerdelik gewig verleen het daaraan dat die applikante nooit op hersiening versoek het dat mondelinge getuienis aangebied word ten aansien van hierdie feitedispuut nie.

19. Weereens is dit so dat die eerste respondent se weiering om hierdie geskilpunt vir mondelinge getuienis te verwys, nie 'n grond van hersiening was nie. Geeneen van die applikante het hulle hieroor bekla in fundering nie.

20. Soos reeds gemeld, is ek nie van voorneme om hierin te handel met wat reeds in hierdie Hof se uitspraak gesê is met betrekking tot die waarskynlikhede en geloofwaardigheid van hierdie beweringe nie.
21. Wat betref kaptein Dare se verklarings, het mnr Bredenkamp later toegegee dat die stelling van kaptein Dare dat hy dikwels in daardie kantoor was maar geen kennis gedra het van so 'n voorval nie, in die een verklaring, en die stelling dat hy die plaasvind van so 'n voorval ontken, in die ander verklaring, nie noodwendig botsend is nie.
22. Daar is niks wat in die weg van die applikante gestaan het om op hersiening aansoek te doen om oor hierdie geskilpunt getuienis aan te bied nie.
23. Ook met die sogenaamde Mmabatho-dossier is reeds vollediglik gehandel in hierdie Hof se uitspraak op hersiening.
24. Daar is geen getuienis hoegenaamd van die kant van die applikante dat kaptein Dare van die nuwe inhoud van die Mmabatho-dossier bewus was voor die skuldigbevindings nie, of oor wanneer die verdere inligting op daardie dossier geplaas is (nadat die dossier wel reeds by die aanvang van die strafverhoor aan die applikante beskikbaar gemaak is) nie. Geen saak is dus uitgemaak dat kaptein Dare die betrokke inligting van die applikante weerhou het totdat hulle skuldig bevind is nie.

25. Daar is ook op geen stadium voor hulle skuldigbevindings van die kant van die applikante stappe geneem om verdere insae in die betrokke dossier te verkry nie.
26. Dat die eerste respondent moontlik verkeerdelik mag bespiegel het oor die inhoud van kaptein Dare se latere verklaring in die aansoek om verbeurdverklaring, doen hieraan geen afbreuk nie. Die feit bly dat daar geen getuienis van die kant van die applikante (voor die eerste respondent) was dat die inligting waarna kaptein Dare in sy latere verklaring (ná die skuldigbevindings, tydens die aansoek om verbeurdverklarings) verwys het, reeds voor die skuldigbevindings bestaan het en beskikbaar gestel kon en moes gewees het nie.
27. Dit blyk in elk geval glad nie so duidelik te wees dat daar 'n verskil is tussen die getuienis van die getuie mnr Vincent Smous in die strafverhoor en die verklaring van mnr Smous waarna kaptein Dare in sy latere verklaring verwys het nie.
28. Dit bring my dan laastens by die argument rakende die eerste respondent se beweerde kennis van die eerste applikant se vorige veroordelings.
29. Ook hiermee is vollediglik gehandel in die uitspraak op hersiening. Die argument wat op die stadium van hierdie aansoek om verlof tot appèl vir die eerste keer gevoer is namens die applikante, is dat dit onbestaanbaar is met die Grondwet, en die beginsels van 'n regverdige verhoor, dat 'n voorsittende beampte voor skuldigbevinding insae in 'n beskuldigde se vorige veroordelings kan hê, dat daar in die regspraak tans 'n "*neiging*" in hierdie rigting is en dat dit tyd

geword het dat die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof hieroor uitsluitse gee.

30. Hierdie betoog is gevoer teen die agtergrond van, maar sonder verwysing na, die gesag dat dit nie noodwendig en altyd fataal onreëlmatig is dat vorige veroordelings tot 'n voorsittende beampte se kennis kom voor skuldigbevinding nie (sien byvoorbeeld **S v Maputle and Another** 2003 (2) SACR 15 (SCA), paragraaf [7]).
31. Ek meen dat die antwoord op hierdie betoog eenvoudig is dat die applikante nie toegelaat behoort te word om op hierdie stadium, en meer spesifiek deur middel van ingryping in die strafverhoor voor die afhandeling daarvan, te verwag dat hierdie Hof op hersiening op hierdie basis moet ingryp nie.
32. Daar is reeds in die uitspraak op hersiening gehandel met die tydsverloop vanaf die stadium toe die eerste applikant by die aanvang van die strafverhoor op 28 Oktober 1999 bewus geraak het daarvan dat dieselfde voorsittende beampte (wat sy borgeaanzoek bereg het) die verhoor sou hanteer, totdat daar eers op 14 November 2005 op hierdie basis versoek is dat die eerste respondent hom moes rekuseer.
33. Mnr Bredenkamp se antwoord hierop was, eerstens, dat die eerste applikant volgens hom wel dadelik sy regsverteenvoordigers hierop bedag gemaak het en dat hy toe geadviseer is dat hy eers bewyse daarvoor moes kry.
34. Dit is baie vreemd dat sy advokaat nie toe reeds dadelik, sommer voordat op die aanklagte gepleit is, die probleem net

minstens onder die aandag van die eerste respondent sou gebring het as dit deur die eerste applikant onder sy aandag gebring is nie. Dit net terloops.

35. Selfs op die eerste applikant se eie weergawe, soos vervat in sy funderende verklaring in die hersieningsaansoek, het hy toe egter steeds geen stappe geneem om die sogenaamde bewyse (wat tog mos maklik beskikbaar moes gewees het in die vorm van die hofrekord of die hofboek) te bekom nie. Dit was eers later dat hy, volgens hom as gevolg van die eerste respondent se "*optrede*" deur te weier om homself te rekuseer, "*verder ondersoek ingestel en die bewyse gevind het dat (hy) inderdaad op 19 Augustus 1997 ... voor die Agbare Landdros in (sy) borgaansoek verskyn het*".
36. Daar is nooit bewyse voorgelê dat die eerste respondent destyds tydens die borgaansoek kennis gekry het van die eerste applikant se vorige veroordelings nie en dat die borg nie byvoorbeeld onbestrede toegestaan is nie. Die eerste respondent het egter, omdat hy volgens hom teen 2005 nie meer kon onthou nie, nie die eerste applikant se beweringe tot dié effek betwis nie.
37. Mnr Bredenkamp het aangevoer dat die eerste applikant se versuim om vroeër stappe te neem om die sogenaamde bewyse te kry, toegeskryf kan word daaraan dat daar in dié tyd heelwat uitstelle en ander aansoeke in die verhoor was.
38. Na my oordeel is dit geen verduideliking nie. Die eerste applikant as regsgeleerde was duidelik bewus van die erns en moontlike implikasies daarvan dat 'n voorsittende beampte

kennis dra van 'n beskuldigde se vorige veroordelings. Daarom dat hy volgens hom dit dadelik onder sy regsverteenwoordiger se aandag gebring het. Die uitstelle (meesal op versoek van die applikante) en ander aansoeke kon mos op geen wyse vir die eerste applikant verhoed het om self, of met behulp van sy regsverteenwoordiger, die bewyse intussen te bekom nie.

39. Mnr van der Walt, die advokaat vir die eerste respondent, het aangevoer dat hierdie optrede van die eerste applikant neergekom het op berusting, en inderdaad op 'n keuse-uitoefening, om die verhoor voor die eerste respondent te laat voortgaan. Mnr Bredenkamp se antwoord, steeds vanuit die vertrekpunt dat insae tot vorige veroordelings 'n noodwendig fatale onreëlmatigheid behoort te wees, was dat sodanige onreëlmatigheid nie deur berusting as't ware gekondoneer kon word nie.
40. Na my oordeel is dit – en was dit ook by die aanhoor van die hersieningsaansoek – egter onnodig om te beslis oor die vraag of insae in vorige veroordelings voor skuldigbevinding altyd 'n regskending *per se* sou wees en of berusting en/of 'n keuse van die kant van die beskuldigde hierop 'n invloed sou kon hê.
41. 'n Beskuldigde wat meer as ses jaar lank geen stappe geneem het om te verhoed dat 'n voorsittende beampte wat insae gehad het in sy of haar vorige veroordelings voortgaan met die verhoor nie, kan tog sekerlik nie verwag dat 'n Hof op hersiening dan die uitsonderlike stap moet neem om reeds voor finalisering van die verrigtinge in die verhoorhof in te gryp en te beslis oor 'n regsvraag soos hierdie nie. Daar is reeds in

die uitspraak op hersiening gewys op die geykte benadering dat die hersiening van verrigtinge voor afhandeling daarvan slegs in uitsonderlike omstandighede sal geskied.

42. Om, in die bepaalde omstandighede van hierdie saak, die eerste applikant toe te laat om op hierdie grondslag en op hierdie stadium te versoek dat sy skuldigbevindings tersyde gestel word, sou die presedent kon skeep dat beskuldigdes wat kennis dra van 'n onreëlmatigheid maar eers kan wag om te kyk hoe die wind waai en hoe dit verloop by uitspraak, en hulle dan, indien dit vir hulle verkeerd loop, van 'n Hof op hersiening kan verwag om in die verrigtinge in te gryp voordat dit afgehandel en hulle gevonnissen is.
43. Niks sou natuurlik die eerste applikant verhoed om ná afhandeling van die verhoor op hierdie basis stappe te neem om teen sy skuldigbevindings te appelleer nie.
44. Na my oordeel is daar geen vooruitsig van 'n suksesvolle appèl teen hierdie Hof se uitspraak op hersiening nie. Selfs indien dit steeds vir doeleindes van 'n aansoek soos hierdie relevant sou wees of die aangeleentheid een is wat van wesenlike belang vir een of meer van die partye is (sien **Janit v Van den Heever and Another NNO (no 2)** 2001 (1) SA 1062 (W) en **Westinghouse Brake & Equipment (Pty) Ltd v Bilger Engineering (Pty) Ltd** 1986 (2) SA 555 (A) op 560-561), sou ek nie hierdie aangeleentheid beskou as een wat binne daardie spesiale kategorie val nie.
45. Dit is van geen groter belang vir enige van hierdie applikante as wat die geval sou wees by enige ander applikant wat

aansoek doen om verlof tot appèl nie. Die feit dat die applikante skuldig bevind is aan betreklik ernstige misdade, doen hieraan geen afbreuk nie. Enige ander slotsom sou beteken dat enige applikant (om verlof tot appèl) wat skuldig bevind is aan 'n misdaad of misdade wat beskou sou kon word as betreklik ernstig, noodwendig geregtig sou wees op verlof tot appèl.

46. Die aansoek om verlof tot appèl kan gevolglik na my oordeel nie slaag nie. Daar is geen rede waarom die koste daarvan nie die uitslag behoort te volg nie, en dit is ook nie aan die hand gedoen nie.

47. Bygevolg word die volgende bevele hierin gemaak:

- 1. Die aansoek om verlof tot appèl word afgewys.**
- 2. Die applikante word gelas om die koste van die eerste respondent hierin te betaal, gesamentlik en afsonderlik, die een te betaal die ander *pro tanto* kwytskeld te word.**

**C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam:

**S A MAJIEDT
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Applikant:	Adv Bredenkamp, SC
In opdrag van:	Du Toit - Bomela, KIMBERLEY
Nms Respondente:	Adv van der Walt
In opdrag van:	Duncan S Rothman, KIMBERLEY